## TOEKA EN TANS – Rom 12:1-2

As jy **40 jr gelede** hier by 'n erediens ingestap het = baie stemmig en stil. Vroue en dogters hoede op. Almal van hulle het rokke gedra – geen langbroeke nie. Mans en seuns formeel aangetrek – baadjie en das, meestal pak. Kerkraadslede almal in swart en wit en ds in toga. Geen vroue diakens of ouderlinge. VV van die Bybel en Ps en Gesangboek. Geen projektor. Aankondigings afgelees. Niemand anders behalwe diakens het offers ingesamel of nagmaal bedien nie. Jy sou ook nie 'n anderskleurige in die diens sien nie. By die nagmaal sou daar nie druiwesap wees nie en geen dooplidmaat sou nagmaal gebruik nie.

Sekere goed in die kerk het dus verander. Is dit **goed of sleg**? Party van ons raak gou verveeld en **hou van** verandering. Ander hou weer **niks van** veranderinge nie. Ek het al gehoor dat mense sê *"Alles in die samelewing het verander, kan ons nie maar die kerk hou soos wat dit is nie!"* God is tog onveranderlik. En die Bybel verander nie. Ons t/v waarsku uitdruklik: *"Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie."* Het ons nie die afgelope 40 jr **afgewyk** van wat die Bybel ons leer nie? Het ons dalk **meer ligsinnig en eiesinnig** geword?
Om die **vraag te kan beantwoord**, moet ons onderskei ts die **wesenlike** en dit wat nie wesenlik is nie. Die wesenlike is die **onveranderbare**. Ons t/v sê dat die wesenlike is *dat ons onsself aan God gee as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is*. Dis die PUNT, die HOOFSAAK van die godsdiens wat ons moet beoefen.
Verder is **die belydenis** wat Petrus uitgespreek het aangaande wie Jesus is: *"U is die Christus, die Seun van die lewende God."* die **onveranderlike fondament** waarop Christus sy kerk bou. Dit is nog steeds ons belydenis. Daaraan het ons nog niks verander nie.

Maar dan is daar ook die VERANDERBARE.
Sommige van die veranderinge wat die afgelope 40 jr plaasgevind het, was blote

STYLVERANDERINGE
Daarmee is niks verkeerd nie. Trouens, as alles rondom ons verander, maar die kerk verander nie, raak hy dan nie **uit pas** nie? Sal hy nie later 'n **onverstaanbare taal** praat soos die taal in die ou Hollandse Statevertaling van die Bybel bv nie? Hoewel die kerk nie veronderstel is om elke **nuwe mode** na te jaag nie, is daar niks mee verkeerd om byderwets te wees nie!
So het ons manier van omgaan met mekaar in die **gewone lewe** die afgelope 40 jaar **meer informeel** en spontaan geword. Die styl van ons **eredienste** het daarom ook baie informeler geword. Naas die preek, word ook van video's, DVD's en Power Point gebruik gemaak. Mense klap selfs hande in die kerk, groet en gesels met mekaar.
Soos in die samelewing, is ons **kleredrag** ook baie meer ontspanne. Baie mans besit glad nie meer 'n pak klere nie. Mans sou vroeër jare nie sommer hul baadjies in die kerk uittrek nie, al kry hulle hoe warm.
Maar sommige veranderings is ook die gevolg van

NUWE INSIGTE IN DIE BYBEL
Neem nou maar die **posisie van die vrou** bv.

1 Tim 2:8-15: *"'n Vrou moet in die erediens stil en onderdanig wees en haar laat leer. Ek laat haar nie toe om daar onderrig te gee of oor die man gesag uit te oefen nie; sy moet stil wees."*
1 Kor 14:34-35: *"Soos in al die Christelike gemeentes moet die vrouens ook in julle byeenkomste stilbly, want hulle word nie toegelaat om te praat nie. Hulle moet onderdanig wees, soos die wet ook sê. As hulle iets te wete wil; kom, moet hulle tuis hulle eie mans vra, want dit is lelik vir 'n vrou om in die erediens te praat."*
Die **afleiding** wat hieruit gemaak is, was vir baie jare dat 'n vrou daarom nie op die *kerkraad* kon dien of mag *preek* nie.
Ons het die afgelope klompie dekades **meer sensitief** geraak vir die **posisie van die vrou**. Sommige het toe met **'n nuwe bril** die Bybel begin lees en op interessante dinge afgekom waarvan ons nie vroeër bewus was nie. Ons het vir mekaar gesê: "Hei, daar is darem yslike kultuurverskille tussen ons en die mense van destyds!"

VROU IN DIE AMP
Die vrou het in Bybelse tye **tweede gekom**. Dit was eenvoudig deel van die samelewing. Meisies het bv nie soos seuns "skoolgegaan" nie. Daarom was hulle meestal **onontwikkeld** – so erg dat Paulus hulle selfs verbied het om maar net vrae te vra in die gemeente! (vgl 1 Kor 14:34-35). Hy aanvaar blykbaar dat hul mans in elk geval al hul vrae maklik sou kon beantwoord, en dat die vroue se "dom" vrae net 'n steurnis in die gemeentebyeenkoms sou veroorsaak. Dit was nie 'n Bybelse **opdrag nie**, maar deel van die kultuur van daardie tyd (p20 Wat is reg?)
**Vandag** is die posisie van die vrou totaal anders – ten minste in die Weste. Die Britte het bv al 'n vrouepremier gehad.
In Gal 3:28 beklemtoon Paulus tog destyds ook al dat mans en vroue **in Christus gelyk** is. Vir Christus is die een geslag nie belangriker as die ander nie. In Ef (5:21) staan dat mans **en** vroue in die huwelik *aan mekaar* onderdanig moet wees.
Dit ly min twyfel: In kerk en samelewing **vandag** behoort daar nie diskriminasie ts mans en vroue te wees nie.
**Constantia gemeente** het deur die jare al 'n vrouedominee en vrouediakens en ouderlinge gehad wat 'n **wonderlike bydrae** gemaak het – tot vandag toe nog. Een van ons baie intelligente en talentvolle gemeentedogters is vandag self 'n vrouepredikant en het onlangs hier opgetree.

VROU EN DIE HOED
Dan het ons ook vir baie jare geglo dat vrouens iets op hul koppe moes hê in die erediens. Ons lees immers in 1 Kor 11 *"Maar elke vrou wat bid of God se boodskap verkondig sonder iets op haar kop, doen haar hoof, haar man, oneer aan…"* (:5).
**Prof Stephan Joubert** verduidelik dit soos volg: "Getroude vroue in die Bybelse tyd het 'n hoofbedekking buite hul huise gedra. Sedelose vroue het nie. Die Christene in Korinte het in woonhuise kerk gehou. In hul wonings kon vroue sonder hoofbedekkings rondloop, maar wanneer kerkbyeenkomste daar plaasgevind het, word die woonhuis 'n openbare plek. Daarom vra Paulus die Christenvroue om dan hul koppe te bedek." (Wat die Bybel sê oor … p 96) Hulle moes inval by die gebruik van daardie tyd sodat daar nie 'n **stigma** aan christene geheg word deurdat hulle die indruk wek hulle *steur hulle nie* aan waardes wat vir die res van die samelewing nb is nie. Hulle moes nie aan die evangelie **'n slegte naam** gee deur teen die gebruiklike *etiket* te handel nie.
Vandag bestaan daar nie meer in ons kultuur so 'n etiket nie. Ons het dus eintlik **niks verloor** deurdat hoede nie meer as verpligtend beskou word nie. 'n Mens moet dus

die **kulturele gebruike** van die tyd toe die Bybel geskryf is, in ag neem by die verklaring daarvan.
Gelukkig het ons nooit sover ek weet in hierdie gemeente oor bysake **gekibbel nie**. My ervaring was nog altyd dat ons mekaar in liefde verdra oor die goed wat nie regtig saak maak nie. (skuif van klavier!)

AMPSDRAG
Vroeër was daar sg "ampsdrag" vir die predikant, ouderling en diaken. Hulle beklee mos wat ons noem die **besondere ampte** omdat hulle vir 'n *spesifieke taak* in die gemeente geroep is. Maar **elke lidmaat** staan in 'n amp – die **amp van die gelowige** of die **algemene amp.**. Baie het dit nie so verstaan nie en het gedink die predikant en kerkraad is die *enigste* wat deur die Here geroep en aangestel is en hulle moes *al die werk* doen en net hulle het *die reg* gehad om dit te doen.
Dit was ook in die tyd toe die sg **herder-kudde model** sterk beklemtoon is – die predikant is die herder en die lidmate is die skapies wat deur die herder versorg moet word. Die afgelope 40 jr het die beeld van die kerk as **die liggaam van Christus** waarin elke lidmaat 'n plek en 'n funksie het om te vervul, al meer klem ontvang. Of al die lidmate moes ampsdrag dra, of niemand nie. So het dit gekom dat spesiale ampsdrag *net vir sommige* afgeskaf is.
Ek is eerlik – ek voel gemaklik op die kansel met 'n das aan. Sodra dit egter 'n struikelblok vir die oordra van die boodskap word, sal ek in 'n T-hemp ook preek. Paulus: *"Vir almal het ek alles geword om ten minste sommige vir Christus te wen.*"
DIS waar die fokus moet wees!

NAGMAAL
Soos daar nuut gedink is oor die posisie van die vrou, is daar ook nuut gedink oor die **posisie van die kind**. Ons was gewoond dat hulle **eers 16** moes wees en belydenis van geloof afgelê het voordat hulle kon deelneem. Die Bybel sê nêrens hoe oud 'n mens moet wees voordat jy nagmaal mag gebruik nie.
Die kind se plek het baie verander in die **samelewing**. Hulle neem al hoe meer aan die wêreld vd volwassene deel. Hulle het ook **behoefte** aan die versterking van hulle geloof, veral in die lig van al die aanslae teen hulle vandag. Dit is noodsaaklik dat hulle van kleins af moet **ervaar** dat hulle deel van die gemeente is.
**Dieper insig** in die Bybelse bedoeling het daartoe gelei dat kinders nou ook toegelaat word om nagmaal te gebruik.

APARTHEID
Dan was daar ook die kwessie van apartheid. Die kerk het geglo dat die beleid van afsonderlike ontwikkeling **Bybels regverdigbaar** is en dat dit **polities die beste** manier is om aan die Bybelse eis dat jy ander moet gun wat jy jouself gun, uitdrukking te gee. Daarom is anderskleuriges nie toegelaat om **lidmaat** van blanke gemeentes te word of selfs daar **eredienste** by te woon nie. Hulle moes apart in hul eie gemeentes aanbid.
Die Here het ons egter deur sy Woord en Gees en die bewyse in die praktyk anders oortuig en vandag staan dit enige een vry om ons eredienste by te woon en het ons ook enkele gekleurde lidmate in die gemeente. Die Bybel het nie verander nie, maar ons het beter insig daarin gekry.

SAMEVATTING

Uit hierdie paar voorbeelde behoort dit vir almal duidelik te wees dat die kerk nie 'n lewelose **fossiel** is wat nie kan of wil verander nie. Maar het ons nie dalk 'n **verkleurmannetjie** geword, **verwêrelds** nie? Is die kerk dalk vandag **minder ernstig** oor die Bybel?

Ek dink ons maak vandag juis ***meer*** erns met die Woord, deurdat ons dit nie maar *oppervlakkig* lees en interpreteer nie. Ons **probeer rekening hou** met die *tyd en omstandighede* waarin dit ontstaan het, wat die *boodskap* vir die mense was tot wie dit in die **eerste plek** gerig was en om dan die **beginsel** waarom dit gaan in ons eie tyd en omstandighede toe te pas. Hierdie proses sal **moet voortgaan**. Daar duik gereeld nuwe kwessies op soos nou weer met die debat oor homoseksualisme die geval is.

Die **slagspreuk** van die Hervorming was: *Die kerk van die hervorming moet altyd bly hervorm.*

**Hoofsaak** is dat die hoofsaak die hoofsaak bly. Daarvoor is dit nodig dat ons sal doen wat ons **teksvers** sê: (lees vs 1 en 2)

Amen
7/9/08

BRONNE:

Wat die Bybel sê oor …. Redakteur Hennie Stander
Wat is reg? Weet iemand dalk? Adrio Konig
Leer die Bybel self verklaar – Fika van Rensburg en Francois Kruger
Millenniumbybel

GESPREKSVRAE

Oor watter van die veranderinge is jy bly … jammer?
Wat hoop jy sal nog verander?
Probeer die kerk oor nog 40 jaar voorstel.
Hoe sien jy jou rol daarin?